# ***Wit Seep Met Gliserienblokkies.***

**Benodigdhede:**
Oorskiet wit seep
'n klein blokkie blou gliserienseep
rasper
leë margarienbakkie

**Maak so:**
Rasper al die wit splinters en plaas dit in 'n kastrol. Voeg 'n bietjie kookwater by en roer (sowat kwartkoppie water vin 2 koppies gerasperde seep). Plaas die deksel op en laat op lae hitte tot seep heeltemal gesmelt is. Roer af en toe.
Sny intussen die gliseriensepie in blokkies. Skep 'n laag wit seep onder in die bakkie, pak 'n laag blou blokkies en gaan so voort in lae tot die bakkie vol is.
Laat staan om te stol. Keer uit en sny in skywe. Laat dit oop lê om droog en hard te word. Draai dit nou en dan om.

# ***Wit Seep Met Semels.***

Gaan presies te werk soos by Wit Seep Met Gliserien Blokkies, maar roer semels by die wit seep en skep dit dan in die bakkie.